

Maandag 15 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 119:121-128

Fokusgedeelte: Psalm 119:128;
Heidelbergse Kategismus 33:91

Die wet van God as maatstaf vir goeie werke

Ons werke kan slegs goeie werke wees as hulle aan 'n bepaalde maatstaf beantwoord. Die vraag is egter: Watter maatstaf?

- Een so 'n maatstaf is die *gewete*. Daarvolgens kan 'n mens enigiets doen solank as wat jou *gewete* swyg. Die probleem is dat daar wel mense is met 'n *goeie gewete* (1 Tim. 1:19), maar daar is ook mense met 'n *onderdrukte gewete* (1 Tim. 1:19) en selfs met 'n *besoedelde gewete* (Tit. 1:15) – en dit kan mos nooit 'n gepaste maatstaf vir ons goeie werke wees nie.
- 'n Ander maatstaf is of jy met jou daad 'n goeie doel voor oë het. Dit is egter 'n gevaar-like siening, want dan is 'n mens baie naby aan die bedenklike standpunt dat die doel die middel heilig.
- Die publieke opinie word soms ook as 'n maatstaf vir goeie werke beskou. So 'n publie-ke opinie kom egter voort uit die goeddunke van mense, en daarom word dit in die Kategismus uitdruklik as maatstaf afgewys.

Teenoor al hierdie en dergelike sienings bely ons dat 'n bepaalde daad slegs 'n goeie werk kan wees as dit in ooreenstemming met die wet en wil van God is. Dit moet volgens die dubbele liefdesgebod wees soos dit in die Tien Gebooie gekonkretiseer word. Daarom het die gelowiges God altyd gesmeek om hulle te help om sy wet te onderhou. Die hele Psalm 119 getuig daarvan (vgl. ook Ps. 25:4, 5 en Ps. 86:11).

In hierdie verband stuit ons soms op die probleem dat dit nie altyd duidelik is wat die wil van God in 'n bepaalde situasie is nie. Die Bybel is nie so geskryf dat dit aan die mens sê hoe daar in elke voorkomende situasie opgetree moet word nie. Daarom moet die gelowige met intense spanning in verskeie opsigte probeer vasstel wat die wil van God in 'n bepaalde situasie is. Dit blyk duidelik uit die Skrif.

So skryf Paulus aan die Efesiërs (4:7): “Moet daarom nie onverstandig optree nie, *maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.*” Die skrywer van die Hebreër-brief (5:14) sê dat ons ons moet oefen “*om tussen goed en kwaad te onderskei*”. Om aan hierdie eis te voldoen en vas te stel wat die wil van God in 'n bepaalde situasie is, moet ons *eerstens* met 'n ware geloof die Skrif bestudeer, veral toepaslike gedeeltes daarvan; *tweedens* moet ons met volharding bid om die verligting en leiding van die Gees; derdens moet ons seker maak dat ons 'n deeglike kennis het van die saak waaroor ons God se wil probeer vind.

Dat dit nie altyd maklik gaan wees om vas te stel wat God se wil in 'n bepaalde situasie is nie, is sekerlik waar, maar tog is dit moontlik. Dit is noodsaaklik as ons wil hê dat ons goeie werke volgens die wil van God moet wees.